

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

### **NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 21 DESEMBER 2017 OM 13H00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

#### **1. OPENING EN VERWELKOMING**

Die vergadering word met gebed deur Rdl Anton Delemijn geopen.

##### **1.1 VERWELKOMING EN VERSKONINGS**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig met n spesiale woord van verwelkoming aan die Munisipale bestuurder Adv. Thys Gillomee, Dir Carel Venter, Dir Elize Nel en Warren Manuel asook aan die Raadslede Anton Delemijn, Annatjie J van Rensburen en Len Rauch

Die vergadering is deur ongeveer 98 eiendomseienaars bygewoon

Verskoning is ontvang van Charl Coetzer

##### **1.2 VOORSTELLING VAN KOMITEELEDE**

Die Uitvoerende Komitee word aan die vergadering voorgestel.

#### **2. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 21 DESEMBER 2016**

Die notule van die vorige vergadering word voorgestel en geseondeer deur Mike Wray en Jacques Radley vir aanvaarding.

#### **3. AANBIEDING DEUR MNR CAREL VENTER - DIREKTEUR BEPLANNING EN GEINTEGREERDE DIENSTE** - Verslag oor Kusweg en duinversteurings beskikbaar op webtuiste van die vereniging. Verskeie vrae word deur Carel Venter hanteer.

#### **4. VOORSITTERSSVERSLAG 2017**

Mnr George Nezar lees die verslag aan die vergadering voor. Bylae A

##### **4.1 FINANSIELE VERSLAG**

Mnr George Nezar lees die verslag aan die vergadering voor. Bylae B

Die inwoners word bedank vir hulle vrywillige donasies en daar word n beroep gedoen op alle inwoners om die Vereniging te ondersteun.

Beide verslae word eenparig aanvaar en goedgekeur.

#### **5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE**

Ontwikkeling tussen R102 en N2 - Die vergadering neem kennis dat die grond vir landbou soneer is en dat geen voorleggings tot op hede vir verandering van sonering of ontwikkeling deur die Munisipale kantoor ontvang is nie.

### 5.1 SMS NOMMER VIR DIE MUNISIPALITEIT

Inwoners word aangemoedig om van die SMS nommer **44802** gebruik te maak om enige probleme in die area aan te meld.

### 5.2 VUURWERKE

Die afskiet van vuurwerke in die area is totaal verbode.

### 5.3 BLOUVLAGSTRAND

Klein Brakrivier is bevoorreg om weereens Blouvlagstatus te geniet en inwoners word aangemoedig om dit te benut.

### 5.4 R102 - VORDERING

Herbouwerk aan die pad sal volgens Min Donald Grant Mei 2018 begin en opmetings is tans reeds aan die gang.

### 5.5 WEBTUISTE

Besoek ons webtuiste by : **www.midbrakratepayers.co.za** vir al die nuusbriewe, notules en Bewarea nuusflitse en kontakbesonderhede

## 6. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Verander vanaf Klein Brakrivier tot Tergniet na: vanaf Klein Brakrivier insluitend Riverside tot by Tergniet se grens aan die oostekant met insluiting van Toekoms en de Lange uitbreiding. Wysiging word eenparig goedgekeur.

## 7. MIDBRAK BEWAREA

Beroep word op alle inwoners gedoen om betrokke te raak. Kontakpersoon is Matthew Thorpe by [thorpemj73@gmail.com](mailto:thorpemj73@gmail.com) en vind hul vergadering plaas direk na hierdie een.

## 8. VERKIESING VAN KOMMITEE VIR 2018

Die voorstel dat bestaande lede heraan gestel word, word eenparig aanvaar.

'n Vakature bestaan vir Tergniethoogte as iemand asb wil inskakel.

## 9. ALGEMENE SAKE PER PUNT 6

**9.1** Die opgradering van die res van Kusweg, die duineversteurings en die stormwaterskade is aangespreek in **bylae A**.

**9.2** Terugvoering van opgradering van Louis Fourieweg, Mosselbaai is dat beplanning afgehandel is en dat konstruksie beplan word vanaf Agri tot Bayview vir finansiele jaar 2019

**9.3** TREM PROJEK- Die volhoubaarheid van trem wat huidiglik in privaatbesit is, word ondersoek om op daaglikse basis te loop tussen Mosselbaai en Groot Brakrivier.

**9.4** Groensakke – Dir E Nel verduidelik die gebruik van die groensakke op die strandgebied en versoek inwoners om asb nie hul swartsakke te plaas waar die groensakke is nie.

**9.5 Verskeie opmerkings:**

Mnr Johan Nel –Erosie van duine, Kobus Hoon – sypadjies, Andre Smith – Stoptekens, Dawie Maartins – verfraaiing voor eiendom asook toilette in Kusweg, Johan Muller – padreserwes en instandhouding, Jef Rowland – De Jagerstraat stormwaterafloop en erosie, Hannes – Swak waterpype in ouer gebied, Allen Morris – Opgradering Beyerstraat, Antoinette Kruger – Kusweg aan Oostekant draaisirkel teer - Meeste sake is aangespreek deur Carel Venter en het die voorsitter ook gereageer op van die navrae.

Mnr Kruger de Wet bedank die komitee vir die goeie werk gedoen gedurende die afgelope jaar en wens hulle sterkte toe vir 2018.

**10. AFSLUITING**

Vergadering verdaag om 14h30

**BANKBESONDERHEDE:**

**NEDBANK SPAARREKENING, TAKNR 198765 REKENINGNR: 2506020276**

**verwysing: NAAM EN KONTAKNR ASB.**